



PASIËNT INLIGTINGSBROSJURE

URTIKARIA

Urtikaria (huiduitslag, “bommels” of galbulte) is ’n jeukerige, rooi of pienk uitslag wat wit raak wanneer druk daarop toegepas word. Die uitslag kom in “sirkels ” op die vel voor. Elke galbult bly daar vir ’n paar minute of selfs ure, en daar bly geen teken daarvan op die vel nadat dit verdwyn het nie, maar nuwe galbulte verskyn in die plek daarvan. Dit blyk dat die galbulte van plek tot plek skuif. Galbulte kan in grootte tussen 1 mm en ’n klompie sentimeter wissel en kan rond wees of gekartelde randte hê.

DUUR

- Urtikaria wat minder as 6 weke duur, word akute urtikaria genoem.
- Chroniese urtikaria duur vir langer as 6 weke.
- Die oorsake van akute urtikaria en chroniese urtikaria kan van mekaar verskil.

OORSAKE

- Urtikaria kom voor wanneer ’n stof genaamd histamien vanaf mas-selle wat in die vel voorkom, vrygestel word.
- Allergiese reaksies, chemiese stowwe in voedsel of medikasie kan die vrystelling van histamine veroorsaak.
- Insekbyte en bepaalde interne siektes kan ook by tye verantwoordelik wees daarvoor.
- Indien die reaksie hewig is, kan dit voortduur of deel vorm van die spektrum van anafilakse.

VOEDSELSOORTE

- Huiduitslag kan binne minute verskyn, of so lank as twee ure nadat voedsel waarvoor die persoon allergies is, geëet is.
- Urtikaria kan ook ’n direkte gevolg van “bedorwe” vis, preserveermiddels, kleurmiddels en geurmiddels wees, en by uitsondering, as gevolg van aarbeie en skulpvis.

MEDIKASIE

- Byna enige medikasie of medisyne wat oor die toonbank aangeskaf kan word, kan huiduitslag veroorsaak.

- Medikasie wat dit algemeen tot gevolg kan hê, sluit antibiotika, pynmedikasie en aanvalmedikasie in.
- Indien jy 'n urtikaria-aanval beleef, is dit belangrik dat jy jou dokter omtrent al die medikasie wat jy tans neem, inlig. Dit sal hom help om te bepaal wat moontlik die oorsaak kan wees.

INFEKSIES

- Bepaalde infeksies of parasitiese besmetting kan urtikaria veroorsaak.
- Virale boonste lugweginfeksies is 'n algemene oorsaak by kinders.

TOETSE

- Geen roetinetoetse word aanbeveel vir akute urtikaria nie, tensy dit deel vorm van die spektrum van 'n meer ernstige anafilaktiese reaksie. Sien die pamflet omtrent “anafilakse”
- Roetinetoetse word aanbeveel vir chroniese urtikaria, maar word gewoonlik beperk tot baie basiese bloedtoetse wat kyk na tekens van enige infeksie. Indien daar 'n vermoede van medikasie-afhanklikheid bestaan, kan daarvoor getoets word en dit kan dan uitgelaat word.

BEHANDELING

- Vermoede veroorsakende faktore soos hitte, stres en alkohol.
- Jy dokter sal moontlik aanbeveel dat jy pynmedikasie vermy.
- Moet nie enige spesifieke voedsel vermy tensy die allergie vir daardie voedsel bewys is nie. Jou dokter sal besluit of voedselallergieë die moontlike oorsaak is, en mag aanbeveel dat jy 'n allergie-spesialis kontak.
- Indien dit die vermoede is, kan daar 'n proeftyd voorgeskryf word, waartydens jy preserveermiddels en ander bymiddels vermy.

MEDIKASIE

- Antihistamine wat as pille of stropes voorgeskryf word, is die beste behandeling. Die ouer “verdowende” antihistamine word gewoonlik vermy, tensy die persoon dit moeilik vind om in die nag te slaap, as gevolg van die jeukerigheid.
- Vir akute urtikaria of ongereelde episodes, kan dit met antihistamine behandel word, soos nodig.
- Pasiënte met chroniese urtikaria benodig gereelde, daaglikse antihistamine. Indien gereelde antihistamine nie die huiduitslag voorkom nie, kan jou dokter die dosis vermeerder, na selfs soveel as 4 maal die gewone dosis. Dit kan slegs met die nuwer antihistamine gedoen word, en altyd onder toesig van 'n dokter. Indien hoë dosis antihistamine na 2 tot 4 weke steeds nie die uitslag onder beheer bring nie, moet jy na 'n spesialis verwys word.

ANGIO-EDEEM

- Hierdie is 'n dieper swelling van die vel en kom meestal in die hande en voete, gesig, geslagsdele en keel voor, en is ferm.
- Dit is ook episodies, en kom en gaan oor 'n langer tydperk as galbulte. Dit kan vir solank as 72 uur voortduur.
- Angio-edeem kom gewoonlik saam met urtikaria voor, maar kan ook op sy eie voorkom. (Sien angio-edeem brosjure)

FISIESE URTIKARIA

- Sommige mense kry urtikaria as gevolg van spesifieke fisiese stimuli.
- Dit kan veroorsaak word deur onder andere lugdruk, koue, hitte en sweet.
- Die galbulte van fisiese urtikaria is gewoonlik vir minder as 'n uur sigbaar.
- Koue urtikaria vind gewoonlik gedurende blootstelling aan plaaslike koue of nadat in koue water geswem is, plaas. Hierdie tipe kan meer ernstig wees.
- "Cholinergiese" urtikaria word deur hitte, stres of koors veroorsaak. Hierdie klein urtikariëse galbulte is uiters jeukerig.
- Dermatografisme (velskrif) is die mees algemene vorm van drukking-urtikaria en word veroorsaak deur die vryf of krap van die vel. Dit is gewoonlik nie nodig om dit te behandel nie.

OUTO-IMMUUN URTIKARIA

- Omtrent 40% van chroniese urtikaria word deur 'n allergie tot 'n persoon se eie liggaam veroorsaak.
- Mense met outo-immuun urtikaria besit teenliggame vir hulle eie mas-selle wat histamine produseer.
- Hulle mag moontlik ook aan angio-edeem ly, en die probleem kan langer voortduur en moeiliker wees om te behandel.
- Dit kan gewoonlik deur middel van die normale medikasie wat in hoër dosisse toegedien word, beheer word.

Vir verdere inligting, besoek: <http://en.wikipedia.org/wiki/urticaria>

OUTEURSREG: ALLERGIE-GENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

2013



Vertaling deur CIPLA geborg